23 Mei 2019

Geagte Ouers

VERKEERSREGULASIES OM LAERSKOOL FAIRLAND

Ons wil graag weereens 'n baie ernstige beroep op u doen om met uiterste versigtigheid en geduld die verkeersreëlings om die skool te gehoorsaam en te respekteer. Dit is baie duidelik dat die meeste ouers wat kinders op- en aflaai by die skool, in ag neem dat verkeer om 'n skool in piektye vir almal stresvol is, maar tóg steeds **geduldig** hulle beurt afwag en met omsigtigheid en oorleg hulle motors so parkeer dat beide mede-motoriste, asook die lewens van ons kinders, nie in gevaar gestel word nie! Ons het die grootste waardering vir julle.

Ongelukkig is daar ook bestuurders wat die reëls en veiligheid van ons kinders minag.

Hulle is so "haastig":

- Dat hulle dwars oor die hoeke parkeer
- Dubbel parkeer en die pad versper
- Voor ons bure se hekke en in die opritte parkeer
- Op die voetgangerkruising parkeer sodat kinders tussen bewegende motors die straat moet kruis!
- In die algemeen selfsugtig en onverskillig optree ten koste van ons kinders
- Hulle **motors in piektye verlaat** en dan by die hekke staan en klets terwyl ouers wag vir 'n parkering.

Ons het die afgelope paar jaar herhaaldelike pogings aangewend om die situasie te verbeter vir die ouers en te beveilig vir ons kinders. Die eenrigting-verkeer maak reeds 'n verskil. Daarbenewens het daar stoptekens en gepaardgaande strepe bygekom op die kruising by 7de Laan en Cornelisstraat. Die hoeke is duidelik gemerk om aan te dui waar parkering verbode is. Maak asb. gebruik van die skuinsparkering in 7de Laan word sterk aangemoedig.

Dit wat binne ons vermoë is om te verander, het ons verander en aangespreek. Die res van die verantwoordelikheid berus op u, die ouer.

Help ons asseblief om ons kinders te beskerm teen onverskillige bestuurders. Neem self die verantwoordelikheid op om die regte ding te doen.

Ons kinders se lewens is NIE onderhandelbaar nie!

Vriendelike groete

WILLIE GOOSEN
HOOF

JOHAN KILIAN
VOORSITTER:
BEHEERLIGGAAM